

Towerlantern Fotografie
fotografienuus
augustus 2018



"Millstream Farm, Dullstroom"

Lensopening: f5.6; Sluiterspoed: 1/15-1/60 sekonde; Fokale lengte: 20 mm

Soos alle ander seisoene het die winter ook sy bekoorlikhede – en fotogeleenthede. Ons hoop jy het ook mooi foto's gedurende die vakansietyd gekry, selfs al was jy die hele vakansie by jou huis. Moontlik moes jy een oggend vroeg opstaan, net om 'n mooi sonsopkoms te sien. Moontlik was jy op reis, met ander geleenthede en temperature.

In hierdie uitgawe van *Fotografienuus* is daar weer verskillende sake waaroor gesels word. En al is daar net een onderwerp wat jou tot groter inspirasie bring, dan is dit wonderlike nuus vir ons.

Lees in hierdie uitgawe van *Fotografienuus* onder andere meer oor hoë dinamiese reikwydte en iets oor jou kamera se oupagrootjie. Terugvoer oor enigiets is altyd welkom. Geniet dit!

Johan

Ons was bevoorreg om gedurende die afgelope vakansie 'n paar dæ in die Dullstroom-omgewing saam met vriende vakansie te kon hou. Dullstroom is nie vir ons onbekend nie, maar vanuit die oogpunt van 'n fotograaf was dit geensins bekend nie. Dit was dus 'n aangename verrassing.

Behalwe vir die lekker saam kuier, was daar baie geleenthede vir foto's. Dullstroom is baie bekend vir forelvisvang, maar as dit nie jou liefde is nie, vat jy jou kamera en gaan op jag daarmee. By alles was ons gelukkig om in die middel van die winter 'n paar bewolkte dæ te kon hê, soos die voorbladfoto wys. Laat, soos baie keer al gesê, jou fotografie-ingesteldheid wees: Verwag die onverwagte!

Die plaas Millstream Farm naby Dullstroom, waar ons oorgebly het, spog met nie minder nie as 21 damme en dammetjies – alles ter wille van forelhengelaars. En miskien onbeplan, ook ter wille van fotograwe. Een stroompie, waarskynlik met permanente water, het twaalf klein damme op 'n ry, almal van mekaar geskei deur keerwalle. Sommige van die keerwalle, saam met weerkaatsings, is op sigself 'n fotograaf se droom.

Die voorbladfoto is een middag laat geneem (ongeveer vyfuur), met die mooiste lug en lig. Die son het plek-plek geskyn, maar die grootste toegif was die damweerkaatsings. Die foto is 'n *Photomatrix*-samestelling van drie foto's wat presies dieselfde is behalwe dat die sluiterspoeë verskillend is.

Lees ook verder aan meer oor die gebruik van *Photomatrix* en die instellings wat daarvoor nodig is.

FOTO-UITSTALLING IN AUGUSTUS

Die tyd kom vinnig nader vir Towerlantern Fotografie se jaarlikse foto-uitstalling. Jy word hiermee uitgenooi na die openingsgeleentheid toe, of om die uitstalling andersins op jou eie tyd te kom besigtig. Die besonderhede is soos volg:

Datum: 13 tot 15 Augustus 2018.

Openingstyd: 13 Augustus om 18:00

Verdere besoeë: Dinsdag: 10:00-19:00 en Woensdag: 10:00-18:00

Plek: Blou Galery, Van Rooystraat 31, Potchefstroom.

Hoe om 'n HDR-foto te skep

Riglyne

Die letters HDR staan vir Hoë Dinamiese Reikwydte (Engels: *HDR*, *H*igh *D*ynamic *R*ange). Dit is 'n spyskaartkeuse wat op verskeie kameras voorkom. HDR is van toepassing wanneer jy 'n toneel sien met baie ligte dele en ook baie donker dele. 'n Goeie voorbeeld hiervan is 'n gedempte binnenshuise toneel met 'n venster waar die son helder inskyn.



Lensopening: f4.5; Sluiterspoed: 1/125, 1/200, 1/320 sekonde;
Fokale lengte: 11 mm

Geen kamera kan 'n groot variasie in ligintensiteit hanteer nie. Jou oë is beter daartoe in staat, maar ook net tot op 'n punt. Die oplossing (fotografies gesproke) is om 'n paar foto's van oorbelig tot onderbelig te neem en om dit dan met *Photomatix* te verwerk.

Behalwe vir die verwerking wat *Photomatix* doen, gee die programmatuur ook 'n groot verskeidenheid keuses wat jy kan gebruik om self ook nog verwerkings te doen. Van hierdie keuses sluit moontlikhede in soos *photographic*, *painterly* en *surreal*.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2018 -

vervolg op die
volgende bladsy



Om jou te help, gee ons die volgende riglyne:

- ✓ *Photomatix*: Laai vooraf dié fotoverwerkingsprogram gratis af. Dit gee wel 'n watermerk maar dit is goed genoeg vir 'n begin.
- ✓ *Toneel*: Neem vir ons bespreking aan daar is 'n laatmiddag landskaptoneel met water en met baie ligte en donker gedeeltes.
- ✓ *Driepoot*: Maak baie, baie beslis gebruik van 'n driepoot want die verskillende foto's moet presies oplyn.
- ✓ *Kameraformaat*: Maak jou keuse.
- ✓ *Lenskeuse*: Vir ons voorbeeld is 'n wye lens van pas.
- ✓ *Komposisie*: Pas die gewone komposisiereëls toe.
- ✓ *ISO*: Kies soos gewoonlik 'n lae waarde.
- ✓ *Witbalans*: Kyk na die beligting van die toneel en besluit self.
- ✓ *Voorlopige en fyn fokussering*: Gebruik handfokussing so ver as moontlik.
- ✓ *Lensopening*: Kies eerstens die lensopening na gelang van die toneel. Vir 'n landskap kan jy selfs ook 'n groot lensopening gebruik as daar nie voorgronditems in die foto is nie.
- ✓ *Sluiterspoed*: Gaan soos volg te werk om 3 tot 5 foto's van presies dieselfde toneel te neem:
 - × Neem 1 foto met die liniaalinstelling korrek.
 - × Neem 1 of 2 foto's oorbelig (byvoorbeeld 1 en 2 stoppe).
 - × Neem 1 of 2 foto's onderbelig (byvoorbeeld -1 en -2 stoppe).
- ✓ *Verwerking*: Jy het nou 3 tot 5 foto's. Maak *Photomatix* oop, laai die foto's op en volg die instruksies. Bel my indien nodig.



Onderbelig



Korrek



Oorbelig

Die foto's hierby en op die vorige bladsy toon die finale produk en die drie foto's waaruit dit met behulp van *Photomatix* geskep is.

Die eerste weergawe van *Photomatix*, naamlik *Photomatix 1.0*, het in Februarie 2003 verskyn. Die nuutste weergawe is alreeds 6.0 en hoër, met hoofsaaklik foute (Engels: *bugs*) wat tans reggemaak word.



Towerlantern se adres-databasis

Oor die jare het Towerlantern al 'n groot adres-databasis opgebou. Om orde te handhaaf is dié databasis in verskillende groepe opgedeel. In verband hiermee wil ons graag die volgende sake noem:


- ✓ Omdat baie van ons lesers al meer as een kursus bygewoon het, kan dit wees dat jou naam moontlik op meer as een van die adreslyste is. As jy dus ons eposse dubbel, of dalk trippel, kry, laat weet asseblief.
- ✓ Ons het ook adreslyste getiteld "Belangstellendes". Hierdie is vriende wat nie noodwendig 'n kursus wil bywoon of al bygewoon het nie, maar wat wel geïnteresseerd is in wat Towerlantern doen. Dié groepe kry ook alle notas en ons is bly dat ons hulle as vriende mag hê.
- ✓ In aansluiting by ons vorige punt wil ons vra dat jy hierdie uitgawe van *Fotografienuus* asseblief aan iemand sal aanstuur wat in fotografie belangstel (al is dit dan net dat hy of sy met 'n selfoon foto's neem). Stuur dan ook dié persoon se adres vir ons. Dit kan enige plek ter wêreld wees solank hy/sy net Afrikaans verstaan.

Uit die verlede: Digitale kameras

As jy na 1975 gebore is, dan is jou digitale kamera se oupagrootjie ouer as jy. Lees die volgende aanhaling en besoek ook die gegewe adres vir meer inligting oor die ontstaan en ontwikkeling van die digitale kamera:

"The *Cromemco Cyclops* was an all-digital camera introduced as a commercial product in 1975. Its design was published as a hobbyist construction project in the February 1975 issue of *Popular Electronics magazine*, and it used a 32×32 Metal Oxide Semiconductor sensor."

Die konstruksie van moderne digitale kameras is nie eenvoudig nie. En soos dit oral gaan in die tegniese wêreld speel wiskunde in alles 'n diep onderliggende rol. Die sensorskyfie van jou kamera is een so 'n voorbeeld. Die grafiese voorstelling en onderskrif hierby gee iets daarvan weer. Verder, as jy nie bang is om oorweldig te word nie, lees meer by https://en.wikipedia.org/wiki/Digital_camera



Die Bayer-rangskikking van die kleurfilters op 'n digitale kamera se sensor



TOWERLANTERN SE VOLGENDE GEVORDERDEVLAKKURSUS

Ons volgende kursus op gevorderde vlak begin DV binne drie weke, naamlik op 21 Augustus 2018. Daar is nog 'n paar plekke oop. As jy dus sou belangstel, reageer vinnig.

Heelwat van ons studente het dié kursus al meer as een keer bygewoon aangesien hulle beseft die enigste manier om jou fotografie lewendig te hou is om gereeld "gedwing" te word om foto's te neem.

Die kursus bestaan uit 10 klasgeleenthede en dit strek oor 10 maande, met een klas per maand. Die voordeel van hierdie kursus is dat jy jou fotografie-vaardigheid versterk en verskerp. Die feit dat daar die heeltid opdragte is om te doen het tot gevolg dat jy juis voortdurend in oefening bly.

Natuurlik is daar steeds basiese sake wat in so 'n gevorderde kursus gedoen moet word, maar ons probeer ook om jaarliks die kursus te varieer en nuut te hou met interessante nuwe onderwerpe.

Hierdie jaar leer ons byvoorbeeld tegnieke waarmee jy foto's kan "verf" (en wat ons in ons vorige uitgawe al genoem het). Ons gebruik die boek "Painting with a lens" van Deutschmann & Deutschmann en leer hoe so iets gedoen kan word. Let spesifiek op na die "verfhale" in die agtergrond van die foto hierby. Stel jy belang om dit ook te doen? Kom loop dan ons volgende gevorderdevlakkursus.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2018 -



INTERNASIONALE KUNSFOTOGRAFIE

Gregory Crewdson

Op Towerlantern se Facebook-blad is ons besig om te gesels oor kunstenaars wat die webblad *phototraces* as hul 15 beste moderne kunsfotograwe beskou. So iets is natuurlik altyd omstrede want keuses verskil onderling baie. Tog bly dit 'n interessante oefening.

Een van dié vyftien keuses is die fotograaf Gregory Crewdson. Oor hom word die volgende gesê:

"If you ever thought that certain images required the logistic of a movie scene, then the work of Gregory Crewdson will ring a bell to you. The work he has been getting known for what seems to be something plucked out from a science-fiction film. The common factor in the subjects of his images, is the longing nature they have on their faces. They have even been defined as mere pawns in a larger theatre game constructed in his photographs."

Lees gerus meer oor Crewdson en ander fotograwe se werke by: <https://www.phototraces.com/creative-photography/famous-contemporary-photographers/>

Om 'n verdere indruk te kry van Crewdson se tegniek, lees die volgende (Wikipedia): Crewdson's photographs usually take place in small-town America, but are dramatic and cinematic. **They feature often disturbing, surreal events.** His photographs are elaborately staged and lit using crews familiar with motion picture production and lighting large scenes using motion picture film equipment and techniques. He has cited the films *Vertigo*, *The Night of the Hunter*, *Close Encounters of the Third Kind*, *Blue Velvet* and *Safe* as having influenced his style, as well as the painter Edward Hopper and the photographer Diane Arbus.

Towerlantern Fotografie
- augustus 2018 -



SUID-AFRIKAANSE LANDSKAPKUNSTENAAR:

Strijdom van der Merwe

Strijdom van der Merwe (gebore 1961) is 'n bekende Suid-Afrikaanse landskapkunsenaar.

Landskapkunsenaars gebruik die natuur as hul palet, en skep dan iets interessants daaruit. Meestal is dit nie blywend nie, maar dit is deel van die proses waardeur die kunstenaar gaan. Die kuns kom juis in by die skep daarvan! Die foto's van die landskapkuns is gewoonlik die enigste kunswerk wat na die tyd beskikbaar is.

Oor Van der Merwe se werkswyse word die volgende op sy webblad gesê: "As a land artist he generally uses the materials as found on a chosen site. These sculptural forms take shape in relation to the landscape. It is a process of working with the natural environment/world by using what is found on site and then shaping these elements into geometrical forms until it gradually integrates with the natural environment again. Depending on the purpose of the exhibition or the commission the artist will also use materials that is brought into the landscape in order to make a statement about our relationship with the land. In many of these works the installation is not permanent but only functional for the duration of a certain event."

Gaan kyk op sy webblad vir nog kuns: <http://www.strijdom.com/>

Redakteur: Johan de Klerk Bladuitleg: Fransa Vorster van Colourcode Designs

Towerlantern Fotografie
- augustus 2018 -